

22 Februarie - DAG

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:2

In die voorafgaande gedeelte (1 Tess 4) het Paulus oor die lot van die gelowige ontslapenes by die weerkoms van Christus gehandel. Nou wil hy iets meer sê oor die onverwagsheid, die onvoorspelbaarheid, die onafwendbaarheid van die weerkoms, en die gereedheid van die gelowiges vir dié dag. Moontlik wou Paulus die gelowiges gerusstel, omdat daar vrae ontstaan het dat die weerkoms wel sal plaasvind, maar nie op 'n dag wat hulle bereken het nie, wel 'n dag wat God bepaal het.

Die uitdrukking *die dag van die Here* in vers 2 is 'n begrip wat die hele perikoop beheers. Die uitdrukking is aan die Ou Testament ontleen. In die Ou Testament is dit die dag van Jahwe, die dag van die HERE, die dag wat Hy sal optree om sy volk te verlos. Hy sal op dié dag sy vyande straf (vgl. Jes 13:6-9, Mal 4:5). Omdat hierdie dag ten diepste 'n dag van bevryding is, is dit ten nouste verbind met die verskyning van die beloofde Verlosser wat sou kom om sy volk te verlos en die vyande van God se volk te vernietig (Jer 23:5-8). In die Nuwe Testament is dié dag dan ook daardie glorieryke dag van Christus se finale verlossing (Ef 4:30).

Paulus wil nou in dié gedeelte aan ons toon dat dit nie nodig is dat ons oor dié dag moet twyfel nie. As gelowige weet ons die dag sal aanbreek; wel onverwags – dit sal daar wees voordat ons dit besef en dit sal kom soos 'n dief wat onverwags in die huis is. Maar, sê Paulus, ons sal gereed wees. As gelowiges is ons wakker en nugter. Ons laat ons nie deur die verleidings van die wêreld verlei nie.

Daarom die oproep dat die gelowiges mekaar moet moed inpraat en versterk. Ons moet mekaar verseker dat Jesus Christus vir ons gesterf het sodat ons saam met Hom kan lewe.

Wees dus gereed, geliefde gelowige, die dag van die Here is in aankoms, Hy sal vir seker op die wolke verskyn en sy vyande vernietig. Maar meer nog, dié dag hou ook in dat jy saam met Hom sal wees, tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 5

Dr FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)